

Garsproduksie in SA

– hoe kompetierend en winsgewend is dit?

PG STRAUSS, FERDI MEYER, NICK VINK, SANRI REYNOLDS EN GHIAN DU TOIT, ALMAL VERBONDE AAN DIE BURO VIR VOEDSEL EN LANDBOU BELEID

Die Buro vir Voedsel en Landbou Beleid (BFAP) is in 2006 genader deur rolspelers in die garsbedryf om navorsing te doen rondom die kompetierendheid en winsgewendheid van die bedryf op beide sektor- en plaasvlak. Die groep rolspelers het bestaan uit produsente, koöperasies/landboumaatskappye, die SAB en SAM.

Die eerste van drie verslae is onlangs bekend gestel waarin die eerste navorsingsresultate aangebied word. Die eerste verslag se doel is om die feite op die tafel te sit sodat daar met die opvolgende verslae, wat in 2008 en 2009 vrygestel gaan word, meer op oplossings gefokus kan word.

Aspekte waarop die eerste verslag fokus, is die volgende:

- 'n Vergelyking tussen garsproduksie in Suid-Afrika en internasionaal om Suid-Afrika se kompetierendheid in die internasionale arena te bepaal;
- Kritiese faktore wat betref garsinsetkoste;
- Die Suid-Afrikaanse garssektor wat betref vraag, aanbod en pryse;
- Die rol van gars wat betref winsgewendheid en kompetierendheid vir verskeie tipiese plase in verskillende gebiede in Suid-Afrika.

Resultate

Hier volg 'n opsomming van die resultate vir elk van hierdie vier fokusareas:

Internasionale kompetierendheid

Garsproduksie in Argentinië, Australië, Frankryk en die VSA is slegs winsgewend met die hulp van hul onderskeie regerings. Garsproduksie in Kanada is steeds nie winsgewend nie, ten spyte van regeringsondersteuning.

Gars kan winsgewend geproduseer word in elk van die garsproduksie-areas soos aangedui in die verslag. Die enigste uitsondering is die Vaalharts-streek waar vaste koste baie hoog is weens die grootte van die plaas. Garsproduksie in Suid-Afrika is egter nie winsgewend weens goeie produksie in terme van opbrengs per hektaar nie, maar weens die feit dat die garsprys aansienlik hoër is as internasionale pryse aangesien Suid-Afrika 'n netto invoerder van gars is.

Kritiese faktore t.o.v. insetkoste

Swellendam/Heidelberg se garsopbrengs en dus garsproduksiekoste van R914/ha, is aansienlik laer as die ander Suid-Kaap-gebiede weens klimaat, maar ook produksiepraktyke. Die Douglas-area se garsproduksiekoste van R4 175/ha is die hoogste van die onderskeie besproeiingsgebiede.

Kunsmis vorm die grootste inset wat betref direkte insetkoste. Kunsmis dra by tot 38% van direkte insetkoste, chemiese middels 19%, meganisasie 17%, saad 14% en brandstof en smeermiddels 12%.

Die ontleding van tendense van die onderskeie insetkoste dui daarop dat die olieprys in die lang termyn die grootste dryfveer is wat betref insetkoste en wisselkoers is die grootste dryfveer in die kort termyn.

Bewaringsboerderypraktyke word in die algemeen toegepas in die Suid-Kaap-gebiede wat 'n groot verlagings in insetkoste teweeg bring. In die besproeiingsgebiede word bewaringsboerderypraktyke minimaal toegepas.

Die garssektor wat betref vraag, aanbod en pryse

Die vervaardiging van biobrandstowwe in ander dele van die wêreld het moontlik 'n struktuurverandering van graanpryse en dus ook garspryse tot gevolg. Gevolglik is daar van scenario's gebruik gemaak om moontlike toekomstige vraag, aanbod en pryse te ontleed.

Kritiese faktore wat die toekoms van die garsbedryf moontlik gaan bepaal, is onder andere:

- bierverbruikstendense in die Verre Ooste asook in die tradisionele bierverbruikstreke soos Europa en Noord-Amerika;
- beskikbaarheid en koste van besproeiingswater in die Suid-Afrikaanse besproeiingsgebiede;
- reënvaltendense in die Suid-Kaap;
- koringspryse en dus invoere van Suid-Amerika en ander streke;
- winsgewendheid van mielieproduksie in die besproeiingsgebiede van Suid-Afrika;
- garsopbrengsverhoging weens verbeterde kultivars asook verhoogde kwaliteit van Suid-Afrikaanse gars;
- garsproduksie in Sjina wat handelspatrone in gars drasties kan verander en dus internasionale pryse kan laat daal; en
- ekonomiese groei in Suid-Afrika en Suider-Afrika wat bierverbruik dramaties kan laat styg of daal en dus die vraag na Suid-Afrikaanse gars beïnvloed.

Verteenwoordigende plaasvlakanalises

- Faktore wat potensieel 'n baie groot impak op winsgewendheid en kompetendheid van garsproduksie op plaasvlak kan hê, is:
 - garskultivars wat gelyktydig 'n hoër en meer stabiele opbrengs lewer, maar ook beter kwaliteit gars lewer,
 - die prysbepalingsmeganisme van gars,
 - produksietegniese,
 - bestuur van skuld,
 - asook die samestelling of mate van diversifikasie van die plaas.
- Waterbeleid wat die beskikbaarheid en koste van besproeiingswater beïnvloed kan potensieel 'n baie groot impak op die winsgewendheid en kompetendheid van garsproduksie in die besproeiingsgebiede van Suid-Afrika hê.
- Wat die Taung verteenwoordigende plaas betref, kan grondeienaarskap potensieel 'n baie groot positiewe impak hê op die winsgewendheid en kompetendheid van die plaas.

Ten slotte

Verskeie faktore en tendense is geïdentifiseer wat potensieel 'n groot positiewe of negatiewe impak kan hê op die winsgewendheid en kompetendheid van die garsbedryf op beide sektor- en plaasvlak.

Dit is belangrik dat rolspelers en produsente in die garsbedryf kennis neem van hierdie faktore en elkeen deeglik bestudeer om hul te vergewis van die moontlike impak wat hierdie faktore op hul individuele boerderye en besighede kan hê.

Dié verslag is beskikbaar in elektroniese formaat by www.bfap.co.za. ■

WINGEWENDE KORINGopbrengste in DROËLANDTOESTANDE



DROËLANDKORINGSAAD

Jy hoef nie verder as Sensako te soek vir topgehalte koring nie, want Sensako:

- is die tegnologie-leier wat volhoubare ontwikkeling van 'n verskeidenheid nuwe kultivars met toegevoegde waarde bied wat jou gebied en behoeftes die beste pas;
- lewer uitstekende produkprestasie;
- geniet voorkeur onder verwerkers soos meulenaars en bakkers;
- word al jare deur boere vertrou.



Die betroubare bondgenoot

Sukses lê in een
oplossing

MONSANTO



MONSANTO TEL: 011 790-8200
www.monsanto.co.za